Towerlantern Fotografie

fotografienuus

augustus 2019

"Dis heerlike lente"
Lensopening: f2,8; Sluiterspœd: 1/15, 1/30, 1/60 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

Die titel van die voorbladfoto, *Dis heerlike lente*, is tong-in-die-kies – dis beswaarlik nog maar die begin van Augustus. Die titel bedœl egter nie wat dit sê nie, maar dit sê wel wat dit bedœl, naamlik verlewendig jou foto's! Sien die lewe om jou positief en in kleur.

Om hierby aan te sluit: Ondervind jy dat jou foto's dikwels wœma kort? Het jou foto's 'n valigheid? Vertoon dit sleg? Kort dit skop?

Wel, ons kan help. Ons deel in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* 'n klompie wœmawenke. Verder, as jy nog altyd gehoop het om 'n fotografiekursus te volg, of as jy dalk onlangs 'n nuwe kamera gekry het en jy vœl net dom, kontak ons, ons bied gereeld kursusse aan.

Johan

Lees dus beslis ons wenke-artikels.

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor!
Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.
Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

As jy kyk na die tegniese inligting van die voorbladfoto, sal jy opmerk dat die sluiterspœde gegee word as 1/15, 1/30, 1/60 sekonde. Wat beteken dit?

Dit beteken dat die foto drie sluiterspœde het. Hœ so? Die foto is 'n saamgestelde foto bestaande uit drie identiese foto's wat slegs verskil in hul sluiterspœd. Dit is saamgestel met behulp van die fotover-werkingsprogram *Photomatix* wat gratis aflaaibaar is.

Die fotogrœp hierby wys wat die probleem is:

- ✓ In die linkerfoto is die bessies reg, maar die agtergrond is oorbelig.
- ✓ In die middelfoto is die bessies effens onderbelig en die agtergrond effens oorbelig.
- ✓ In die regterfoto is die bessies te donker, maar die agtergrond is reg.

Nie een van die foto's se ligbalans is dus reg nie – maar die finale *Photomatix*-produk op die voorblad is beslis beter. En dit het ook meer wœma.

RIGLYNE om foto's gereed te kry vir *Photomatix*

As jy van *Photomatix* gebruik wil maak om foto's te verbeter, volg dan hierdie riglyne.

Aanvaar vir hierdie bespreking die volgende: Die foto-toneel is reeds gevind, die kamera is op 'n driepoot, daar is 'n redelike komposisie en die fokussering is gedœn. *Photomatix* is veral ook juis geskik vir gevalle waar die kontras tussen lig en donker groot is.

Volg dan die onderstaande aanwysings:

- **Tipe lens:** Eie keuse.
- **Portret-/Landskapformaat:** Eie keuse.
- **ISO:** Gebruik die laagste ISO-waarde.
- **Witbalans:** Maak seker van die korrekte beligting; of verander dit vir kreatiwiteit.
- **Keuse van fokuspunt:** Eie keuse.
- **Lensopening:** Maak 'n keuse volgens die tipe toneel (klein vir 'n landskap; groot vir 'n nabytoneel). Mœt onder geen omstandighede die lensopening gedurende die fotoreeks verander nie.
- **Sluiterspœd:** Dis hier waar die groot saak lê. Neem drie, of selfs 4 tot 5, foto's van die toneel. Al verskil tussen die foto's mœt verskillende sluiterspœde wees – en niks anders nie! Daarom is die driepoot so absoluut noodsaaklik. Een moontlikheid is een foto met 2/3 stop oorbelig, nog een *korrek* volgens die liniaal en die derde 2/3 stop onderbelig.
- **Fyn fokussering:** Dœn presisie-fokussering soos altyd.

Laai *Photomatix* af en volg dan die instruksies. Kontak ons enige tyd vir hulp.

Kies vooraf 3 (of meer) foto's vir *Photomatix*. Maak die program oop; laai die foto's op; volg die aanwysings.



Towerlantern Fotografie
- augustus 2019 -

Wenke
VIR WOEMA

Hier is een wenk wat jy kan navolg vir besondere foto's.
En dit is sagte fokussering. Dit bedœl nie "uit fokus" nie, dit bedœl net die fokussering is nie absoluut skerp nie. Dit gee 'n heel ander gevœlswaarde aan so 'n foto.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2019 -

NOG Wenke VIR WOEMA

Hier is 'n verskeidenheid tegnieke wat jy kan tœpas om besondere foto's te verkry. Mœnie net sommer tevrede wees met die eerste foto wat uit jou kamera kom nie. Nee, neem 'n hele reeks!! Vir agternabewerking het jy nie noodwendig besondere fotoverwerkingsprogramme nodig nie, behalwe dit wat saam met jou rekenaar-programmatuur beskikbaar is of die reeds genœmde *Photomatix*.

Agterbeligting

Sœk tekstuur

Beweeg die kamera

Verlig die kleur

Towerlantern Fotografie
- augustus 2019 -

NOG Wenke VIR WOEMA

Versadig die kleure

Nagfoto's



Groot lensopening

Fokus ver

Towerlantern Fotografie
- augustus 2019 -


File Edit Layout Type Object Table View Window Help
*fotografienuus aug 2019.indd @ 100%
BLADUITLEG
Fransa Vorster
Die uitleg of ontwerp van 'n boek, tydskrif of nuusbrief is eintlik iets wat die meeste mense nie raaksien nie. Maar as dit nie goed is nie ... dan sal jy dit gou agterkom!
Kyk bietjie mooi as jy weer 'n tydskrif optel. Jy sal gou kan sien of dit goeie ontwerp is of nie:
Lettertipes: Daar moet regtig nie meer as drie of vier lettertipes deur die hele publikasie gebruik word nie. Dit is om als 'n eenvormige gevoel te gee. Jy moet enige bladsy kan optel en sien dit is deel van dieselfde publikasie. Opskrifte kan wissel om dit interessant te hou, maar die bodytext moet dieselfde bly. Die bodytext se grootte moet ook nie verander word net sodat die teks op die bladsy ingepas kan word nie.
Foto's: Goeie foto's moet so groot as moontlik gebruik word. Meeste mense is eerder visueel ingestel, en sal eerder 'n artikel lees as dit visueel aantreklik is. Foto's kan ook in die agtergrond gebruik word om teksturele waarde te gee. Moet net nooit 'n foto uit proporsie uit vergroot nie (Engels: stretch). Jy sal 'n ontwerper 'n hartaanval gee!
Presiesheid: Dis soms moeilik, maar presiesheid is baie belangrik met bladuitleg. Teks moet presies oplyn, kantruimtes moet in ag geneem word en konsekwentheid is baie belangrik.
Wit spasie: Gedeeltes waar daar nie teks of 'n foto is nie, word wit spasie genoem. Dis noodsaaklik vir enige ontwerp, want die oog moet rus. As daar te veel elemente op 'n bladsy is, dan sal die kyker ook nie voel om dit te lees nie. My leuse is altyd "less is more". Die uitleg moet aan die een kant beslis nie vervelig wees nie, maar dit moet aan die ander kant ook nie 'n ontploffing van kleure, foto's en lettertipes wees nie.
Hierdie is slegs 'n paar elemente van goed wat vir my belangrik is. Die hoofsaak bly altyd dat die teks maklik moet lees, maar tog aanloklik moet wees.
Hoekom lyk hierdie bladsy so?
Dit is hoe dit lyk as ons in die proses van bladuitleg is... Agter die skerms! Nou kan mens mooi sien hoe als opgelyn word met die kantlyne, en ander elemente. Program: Adobe InDesign.

Fototitels

Met die komende foto-uitstalling van Towerlantern binne sig, begin uitstallers al hœ meer dink aan titels vir hul werke.

Al die foto's in ons uitstalling sal titels hê. En so 'n titel kan 'n besondere betekenis hê; dit kan selfs 'n sleutel wees waarmee 'n foto "oopgesluit" mœt word. Titels kan op verskillende vlakke 'n rol speel.

Om te help, hier is 'n paar algemene en besondere wenke:

Algemene wenke:

- Probeer om 'n titel te gee wat iets van jou foto sê en wat trefkrag het. *Bokmakierie* of *Push skorokoro* sê tog so lekker.
- Mœt verkieslik nie die uitdrukking "ongetiteld" of "untitled" gebruik nie. Daar mag redes daarvoor wees om dit so te dœn, maar mœt dit verkieslik nie dœn nie.

Besondere wenke:

Titels kan op verskillende vlakke wees, waaronder:

- 'n **beskrywende vlak**, byvoorbeeld *verkleurmannetjie* of *troupant*,
- 'n **dieper, maar steeds redelik direkte, beskrywende vlak**, byvoorbeeld *ontluiking* of *brandwag*,
- 'n **woordspel-vlak**, byvoorbeeld *beurtkrag* of *webtuiste*, en
- 'n **sleutel-vlak**, waar die **titel** van die foto 'n **sleutel** is tot die **verstaan** van die foto, byvoorbeeld *Die vryheid wat jou teruglok* of *Rooirieldans*.

Laasgenœmde sleutel-vlak geld ook van meer sake as net fotografie. Die digter NP van Wyk Louw het byvoorbeeld die volgende oor gedigte opgemerk (en pluis maar self die lekker woordspeling uit): **Slotte is dikwels meer sleutels as slotte.**

Om saam te vat: By die benœming van uitgestalde werke, let dus op na jou titelkeuse. Help die kyker, en kyk ook na jou titel en foto asof jy die kyker is. Let ook op na ander belangrike sake soos komposisie, kleur en lig.

TOWERLANTERN-UITSTALLING: *September 2019*

Ons is in die agtste maand van 2019, Augustus, en Towerlantern Fotografie se foto-uitstalling in die Potchefstroomse Openbare Museum begin in die negende maand, September 2019. Daar is dus nog net EEN maand oor.

As fotograaf en/of algemene leser word jy nou reeds uitgenooi om die werke te kom besigtig. 'n Formele uitnodiging sal ook later gestuur word.

Vir ons uitstallers: Hier is 'n opsomming van die belangrikste datums:

Instuur van fotobesonderhede	16 Augustus
Inhandigingsdatum	30 Augustus
Uitstaltydperk	3 tot 30 September
Opening	3 September
Afhaaldatum	30 September

You don't make a photograph just with a camera.
You bring to the act of photography all the pictures you have seen,
the books you have read, the music you have heard, the people you have loved.
– Ansel Adams

Towerlantern Fotografie
– julie 2019 –

Volgende fotografiekursusse van Towerlantern Fotografie

Dit is vir ons aangenaam om die volgende kursusse bekend te stel wat DV gedurende die tweede semester van 2019 aangebied gaan word:

Eerstevlakkursus: Die volgende eerstevlakkursus word beplan van 16 Oktober tot 14 November 2019. Kennisgewings sal later uitgestuur word. Jy hoef regtig niks van fotografie of jou kamera te weet om hiervoor in te skryf nie.

Gevorderdevlakkursus: Hierdie kursus begin op 20 Augustus 2019. Dit behels 10 lesings van 3 uur elk, een keer per maand aangebied. Dus duur dit tot Junie 2020. As jy belangstel, laat hoor vinnig van jou.

Aanlynkursusse: By baie is dit bekend, maar ons nœm weer dat beide die eerstevlakkursus en die gevorderdevlakkursus ook aanlyn beskikbaar is. Die voordele van dié kursusse is onder andere: Jy kan dit op jou eie tyd dœn; jy kan dit dœn waar jy ook al in die wêreld bly; jy kan dit in Afrikaans dœn; dit kan 'n gœie geskenk vir 'n geliefde wees wat ver weg bly.

OU FOTO'S *en kameras*

Wat dœn jy met jou ou gedrukte foto's, selfs jou ou filmkameras?

Ons kan nie altyd raad gee nie, maar soms kan ons jou dalk net op 'n spoor bring.

Een manier met ou skyfies is om dit te laat digitaliseer en op 'n CD-skyf te plaas. Hier is twee sulke voorbeelde.

- Die een is 'n foto van die komeet Ikeja-Seki. Dit is in 1965 geneem – lank voor die dæ van enige digitale proses.
- Die ander foto dateer nog verder terug, ongeveer 1957. Dis 'n landskaptoneel naby Bethulie in die Vrystaat. Let veral op na die kleur. Dit is nie vandag se tipe kleur nie, maar dit is steeds helder.

Wat jou ou foto's dus betref: Laat dit digitaliseer en jy het weer iets nuuts!

Towerlantern Fotografie
– augustus 2019 –

UIT DIE VERLEDE

Ons is so gewoond aan foto's in kœrante en tydskrifte dat ons nie dink daar mœs 'n eerste foto en 'n eerste fotograaf-verslaggewer gewees het nie.
Dit lyk asof hierdie eerstes begin het tydens die Krim-oorlog van 1853-1856. Dit is natuurlik ook die oorlog waarin Florence Nightingale, *The lady of the lamp*, bekend geword het.
Lees meer oor die eerste fotojœrnalisme hieronder en verder by die verwysing.
During the Crimean War, the ILN pioneered the birth of early photojournalism by printing pictures of the war that had been taken by Roger Fenton. Fenton was the first official war photographer and his work included documenting the effects of the war on the troops, panoramas of the landscapes where the battles took place, model representations of the action, and portraits of commanders, which laid the groundwork for modern photojournalism. Other photographers of the war included William Simpson and Carol Szathmari. Similarly, the American Civil War photographs of Mathew Brady were engraved before publication in Harper's Weekly. Disaster, including train wrecks and city fires, was also a popular subject for illustrated newspapers in the early days.

https://en.wikipedia.org/wiki/Photojournalism



Op Internet gesien

Fotografie en skilderwerk loop hand aan hand. Dit het dieselfde reëls oor komposisie, en ook dieselfde oproep om kreatief te wees.
Bob Ross was 'n kunstenaar wat 'n TV-reeks aangebied het oor hœ om te skilder. Dœn jouself 'n guns en kyk na een van die episodes (alles is gratis op YouTube beskikbaar). Jy sal weer met nuwe oë kyk na dinge rondom jou, en sommer foto's raaksien terwyl jy in jou kar rondry.
Oor die skep van 'n skildery het hy meermale gesê: "This is your world, you can do whatever you want." Onthou dit ook as jy foto's neem. Jy is die baas van jou kamera, en jy mag 'n kunswerk skep net soos jy wil.

https://youtu.be/Ugiwi8uizpg